

KOERSVAS

Jaargang 2 Uitgawe 27 1 November 2013

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Stille groei

Die geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) het in twee weke met nog vier gemeentes aangegroei. Van sewentien na een en twintig is maar min in die era van miljoene, maar die duidelike boodskap van “nog vier gemeentes” kan nie ignoreer word nie. GHG gaan hierdie jaar DV met nog gemeentes aangroei.

Dan gaan die aantal gemeentes wat besluit om selfstandige Hervormers te wees, afneem en dalk selfs ophou. GHG se bestuur weet nie van al die gemeentes wat met die proses besig is nie. Waar daar hulp gevra word, word kundige, wettige advies met toewyding gegee.

Die ontploffingsgroei (meer as 50% in bietjie meer as 'n maand) wat na die 70e AKV ervaar is, dui ondubbelsinnig aan dat daar gemeentes was wat die NHKA tot die 70e AKV kans wou gee om die nuwe teologiese rigting te versaaak. Dit het nie gebeur nie. Die NHKA is onomkeerbaar gestel op die nuwe teologiese rigting. Daar is vele gesprekke aan die gang rondom dié nuwe rigting. Op die NHKA se

bakkiesblad is byvoorbeeld prof E van Eck sistematies besig om vanuit 'n vrysinnige perspektief enige Skrifbeswaar teen homoseksualiteit af te maak. Die ander gesprekke in sosiale kringe en in die kuberruim laat geen twyfel nie dat hierdie nuwe denkrigting besig is om momentum op te bou.

Die gemeentes wat in onkunde lewe en deur hulle predikante en ouderlinge doelbewus in die duister gehou word, gaan met verbasing agterkom dat hulle in 'n kitskoffiekerk lewe. Lidmate wat lank reeds weerstand bied en lidmate wat agter die kap van die byl kom, gaan uitbeweeg.

Soos in die verlede, gaan ernstige lidmate uitbeweeg. Die verskil is net dat daar hierdie keer 'n verdere opsie beskikbaar is. 'n Opsie wat 'n Hervormde selfverstaan het, saam met lidmate wat hulself sien as die ware voortsetting van die NHKA. Hierdie nuwe opsie is deelname aan die GHG by wyse van 'n huisgemeente. Reeds in Die Skietlood 4 is die moontlikheid genoem. Gesprekke en denke het nou inhoud gegee aan hierdie opsie. 'n Paar gesinne kom bymekaar, besluit

om 'n huisgemeente te stig, meld aan by die Kuratorium van die GHG en begin dan saam kerk te wees. So eenvoudig en tog is dit nie so maklik nie.

Hierdie wilsbesluit verg baie emosionele energie en daar is 'n magdom kennis en waagmoed nodig. Dit is 'n pad wat willens en wetens gekies word. Gelukkig het die GHG 'n onverskrokke leierskorps wat gelowig, logies, redelik en kreatief werk maak van nuwe uitdagings.

Die tegnologie skep ook wonderlike geleenthede vir gesinne om in die Gees saam met vol gemeentes eredienste te belewe, al is dit nie altyd op dieselfde oomblik nie. Hierin lê die volgende groeifase van die GHG, 'n stille groei wat uit sitkamers na sale en kerkgebou vertak.

Die eerste twee Huisgemeentes is reeds in die beginfase. Ons sien uit daarna om hulle aan die res van die GHG-familie bekend te stel. Op die regte tyd.

NUUSBROKKIES

- Eredienste op die internet. Ons herhaal hierdie brokkie om geduld en ondersteuning te bewerkstellig. Die goeie nuus dat u nou op www.steedshervormers.co.za preke en eredienste op mp3 formaat kan luister of aflaai, het 'n kinkel in die kabel. Binne die eerste week was daar al reeds meer as 120 trefslae. Die media komitee en in besonder Tjaart van der Merwe het hard gewerk om 'n diensverskaffer en gasheer diens te kry. Die onverwagse ondersteuning van die diens het beteken dat die bandwydte wat aangekoop is, uitgeput is. Bandwydte

is beskikbaar teen \$360 (±R3600). Ons ondersoek alle moontlikhede om die diens so wyd moontlik beskikbaar te stel. Enige ondersteuning in terme van inligting oor diensverskaffers, skenkings of gasheer moontlikhede moet asseblief aan Yvette Otto (072 223 7522) gekommunikeer word. Ons oorweeg ook die moontlikheid om net die preekgedeelte te plaas, met een volledige erediens per week.

- Die Geloofsbond het nou aangegroei tot 21 gemeentes. Vrede in die Vrystaat het so stil-stil met 'n 100% ja-stem by die GHG aangesluit. Noordelike Pietersburg het 'n paar dae later dieselfde besluit geneem. Baie welkom by ons.

- Die Kuratorium het gesprek gevoer met twee instansies oor die opleiding van predikante. Sodra 'n ooreenkoms gefinaliseer is, sal dit bekend gemaak word. Die toekoms ten opsigte van predikante opleiding lyk goed.

- Lidmate wat wil bydra tot die betaal van die diensverskaffer (preke op internet), of net wil bydra tot die Geloofsbond, moet kennis neem van die bankbesonderhede:

BANKBESONDERHEDE:

Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria Noord

Takkode: 250 655

KENNISGEWINGS

- **KOSTER HERVORMDE KERK HOU VLEISFEES** Ja dit is waarop die klem hierdie keer gaan wees, vleis. Lekker en baie soorte en snitte. Dit is 'n waardige

manier om ook die 100 jarige herdenking van Koster se dorpstigting te vier. Moenie dit misloop nie. Dit vind plaas op die kerkterrein van Koster Hervormde Kerk op 2 November 2013 vanaf 08:00 tot middagete. Vele interessante aktiwiteite word beplan. Kom kyk na Kosterskool se "Cheer Leaders", 'n moderne dans vertoning, demonstrasie van blommerangskikking en koekversiering, kom skiet skyf en kom kleur in en kom bewonder die karate vaardiges. Hulle geniet ook die "oe" en "aaa" hoor. Die manne met die duiwe kom ook weer spog, en daar gaan 'n veiling van "kaggelrakkies" wees. Julle weet mos wat dit is! Musiek deur Cecile Swart, en ook die Penkoppe gaan sorg vir iets in almal se smaak. Stalletjies met lekker en interessante items gaan weer ons funksie versier, elke jaar raak dit lekkerder en beter. Die teetuin bied altoos die nodige lafenis en verkwikking vir voete wat bietjie wil rus. Kom kuier saam. Eet en drink was ons nog nooit skaam voor nie. Daar gaan baie wees, en lekker ook. Hoe klink 'n prys vir 'n gelukkige persoon se toegangsnommer, maar wees daar wanneer die kaartjie getrek word, anders kry 'n volgende gelukkige trekking geleentheid om te wen. Om alles hier te noem is nie moontlik nie. Hou die plaaslike koerante dop vir die program, en beslis, kom self! Kontak vir navrae: Belinda, 083 627 0584, smith.belinda5@gmail.com.

- Premiermyn Hervormde Kerk bied DV 14-15 Desember 2013 weer 'n kunsuitstalling met verskeie groot name soos Norbert Schling en Susan Purnell aan. Almal welkom. **S 025° 40.672' E 028 32.188'**

- Premiermyn Hervormde Kerk bied DV die 29 & 30e November ons jaarlikse **Kuns en Kersmark** aan. Enige persoon wat belangstel om 'n stalletjie met kwaliteit produkte te bespreek skakel met **Alta 082 682 1252 of Annetjie 082 921 8200**

- Premiermyn Hervormde Kerk hou DV 29 November 'n Kerliedjie by Kerslig geleentheid. Almal is welkom. Bespreek gerus vir u gemeentede 'n plekkie by Annetjie 082 921 8200

Die Redakteur, KOERSVAS,
Eerwaarde Heer,

Daar het grootskaalse beroeringe binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika ontstaan wat gedurende die afgelope jaar begin uitkristaliseer het tot 'n verwêreldse groep wat aanklank by globale kerkgroeperinge nastreef. Hierdie groep het gesentreer in die Akademici van die Kerk wat beroepsekerheid gesoek het, ten koste van die suiwerheid van ons teologiese leringe. Hierteenoor was diegene wat steeds die Calvinistiese vertolking van die Hervormde Kerk suiwer wil uitleef. 'n Logiese uitvloeï, waarvolgens die behoudende groep die aanspraak op suiwerheid van leer, werk en wandel kon bekendstel, teenoor die amptelike Kerklike publikasies, was die elektroniese media en Koersvas asook Skietlood was die gevolg.

Dis nou reeds 'n jaar wat ons met geskifte binne in die stryd tot behoud staan en die behoefte om **hierdie segment van ons Kerkgeskiedenis in 'n meer permanente formaat beskikbaar te stel**, raak nou aktueel. Dit sal sinvol wees indien Koersvas en Skietlood jaarliks in boekvorm kan verskyn, maar 'n wet van die ekonomie bepaal dat drukwerk se prys relatief tot die kwantiteit van die publikasie is; **dit is dus nodig dat soveel lesers moontlik bereid sal wees om hierdie publikasies te koop**, ten einde ons almal in staat te stel om dit te kan bekostig.

Gemeentes, lidmate en belangstellendes moet asseblief dringend hul steun tot hierdie projek toon en aandui wie die boekies wel sal koop. Dit gaan direk inwerk op die gehalte en prys van **hierdie beoogde publikasies, 'n beveiliging van ons geskiedenis**.

Die uwe,

Johan Willemsse Afrikaner kultuurleier.